
# TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN

| Vak | Afrikaans Additionele Taal<br>Leesbegrip en Taalwerk | Eksamenator | Mev. M. Gough |
|---|---|---|---|
| Datum | 20 November 2017 | Totaal | 45 Punte |
| Sessie | 1 | Tyd | 1 uur |
| Graad | 5 | Moderator | Mev. Pienaar |
| Spesiale instruksies/ toerusting | Instruksies<br>• Lees jou vrae goed deur.<br>• Gebruik die woordelys om jou te help.<br>• Moenie enige oop spasies los nie.<br>• Skryf netjies en leesbaar.<br>• Geen woordeboeke. | | |
| Hierdie assesering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting material. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |

**Naam:** ____________________________ **Graad 5:** _____

| WOORDELYS | |
|---|---|
| swaar | heavy |
| slurp | trunk |
| neute | nuts |
| oppasser | caretaker |
| voer | feed |
| rustig | peaceful |
| vloer | floor |
| vry | free |
| bo-op | on top |
| stertjie | tail |
| geniet | enjoy |




## <u>Leesbegrip</u> [30]

**Lees die gedig en antwoord die vrae**

**DIE OLIFANT**

Die olifant stap so stadig en swaar,
en sy slurp swaai hy hiernatoe en dan weer daar.
Maar kom daar dalk kinders met neute verby,
swaai hy dit op om hul te kry.

Die oppasser gee hom daagliks sy voer,
in sy hok slaap hy rustig op die harde vloer.
Maar vroeg in die oggend dan is hy vry,
vir ons om op sy rug te ry.



En as ons dan almal bo-op hom sit,
dan swaai hy sy stertjie en geniet hy dit.
Hy loop met ons rond met die grootste plesier,
want hy's 'n goeie liewe dier.

*Jan Kromhout*

**Vraag 1:** Pas kolom A by kolom B.
Skryf die regte letter langs die nommer. (7)

| | |
|---|---|
| 1. Die naam van die gedig | A) in sy hok |
| 2. Die dier in die gedig | B) in die oggend |
| 3. Die kos in die gedig | C) sit bo-op hom |
| 4. Sy slaapplek | D) Jan Kromhout |
| 5. Dan is hy vry | E) die olifant |
| 6. Hy geniet dit | F) 'n olifant |
| 7. Die skrywer | G) neute |

Skryf net die regte letter langs die nommer.

1. ____ 2. ____ 3. ____ 4. ____ 5. ____ 6. ____ 7. ____

**Vraag 2:** Volgens die eerste versreël.

a) Hoe stap die olifant? ________________________________ (1)
b) Wat swaai hier en daar? ____________________________ (1)
c) Wie gee hom neute? ________________________________ (1)


**Vraag 3:** Is die volgende stellings **waar** of **onwaar**?

a) Die kinders gee hom daagliks sy voer.
____________________________________________ (1)

b) Hy swaai sy slurp op vir die neute.
____________________________________________ (1)

**Vraag 4:** Vul die regte woorde in. (5)

Die olifant hou 4.1__________ van sy voer, maar die 4.2__________ van neute. Hy slaap op 'n 4.3__________ vloer in sy 4.4__________. Die kinders ry op sy 4.5 __________.




**Vraag 5:** Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.

a) Hoekom sê die gedig die olifant is 'n liewe dier?

____________________________________________
____________________________________________ (1)

b) Dink jy dis lekker om op 'n olifant te ry? Hoekom sê jy so?

____________________________________________
____________________________________________ (2)




**Lees die grafiek en beantwoord die vrae.**

**Vraag 1:** Wat dink jy beteken "onwettig doodgemaak"?

____________________________________________________________

__________________________________________________________ (1)

**Vraag 2:** Die grafiek sê dat in 2002 **245** olifante dood is en in 2011 **2072.**

Hoekom dink jy is daar so baie olifante later dood?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

__________________________________________________________ (3)

**Vraag 3:** Hoekom dink jy mense maak olifante dood?

____________________________________________________________

__________________________________________________________ (2)

**Vraag 4:** As jy 'n olifant was, wat sal jy vir die wêreld wou sê?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**Vraag 5:** Wat dink jy doen die mense met die tande (ivoor) van die olifante?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**Totaal Afdeling A:_____/30**

## Afdeling B: Taalleer



**[15]**

**Vraag 1:** Voltooi die tabel met **trappe van vergelykings**. (2)

| | | |
|---|---|---|
| | | hoogste |
| laag | | |

**Vraag 2:** Onderstreep al die **intensiewe vorms** in die paragraaf. (1)

Die olifant stap so stadig en loodswaar,
en sy slurp swaai hy blitsvinnig heen en weer.

**Vraag 3:** Verander die volgende sinne na **indirekte rede**. (2)

Die man sê Ek gaan die diere kos gee.

______________________________________________________________

Die bewaarder vra Waar is die renoster se horing?

______________________________________________________________

**Vraag 4:** Sirkel die regte **lidwoord** in die sin. (1)



Die/'n olifante eet graag die/'n blare vanaf groot bome.

**Vraag 5:** Voltooi die tabel deur die woorde in die regte kolomme te sit. (2)

| Bokhorings, gelukkige, grootste, leeuspore | |
|---|---|
| **Samestellings** | **Afleidings** |
| | |
| | |

**Vraag 6:** Verander die **byvoeglike naamwoord** sodat dit sin maak. (1)

Die (**nuut)** plakkaat gaan oor die bewaring van olifante.

______________________________________________________________

Dit is 'n (**goed**) idée om geld te skenk vir bewaring.

______________________________________________________________

**Vraag 7:** Gebruik die **voorsetsels** en maak goeie sinne daarmee. (2)

uit ______________________________________________________
langs ____________________________________________________
agter ____________________________________________________
met ______________________________________________________

**Vraag 8:** Rangskik die woorde sodat dit 'n sin vorm. (1)



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| is | wildtuin | baie | In die | daar |

______________________________________________________________

**Vraag 9:** Omkring die regte **homoniem** in die volgende sinne. (1)

Die vuur/vier brand in die wildtuin en die diere hardloop weg.
Mense reis/rys rond in die wildtuin om die diere te sien.

**Vraag 10:** Maak twee duidelike sinne om die betekenis van die **homoniem**, **soet**, uit te wys. (2)

1.____________________________________________________________

2.____________________________________________________________



**Totaal Afdeling B: ________/15**

**Groottotaal: ________/45**